**PARKSIG**
**Eiendomsagentskap**
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
**1486 — Na-ure 2054**
(Eienaar: G. Schoonhoven)

# die Wapad

*Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie... spreek dan*
**EDDIE DE BEER**
**Diamantslyper**
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

JAARGANG XVII — VRYDAG 5 OKTOBER 1962 — NR. 11

OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# NEGE NUWE PROFESSORE BENOEM

## *AGT SENIOR LEKTORE BEVORDER*

**Die raad van die universiteit het verlede Donderdag nege nuwe professore benoem en verskeie bevorderings is gemaak terwyl 'n hele aantal nuwe aanstellings gemaak is. Die benoeming van senior studente as assistente sal op die volgende vergadering benoem word.**

Agt senior lektore is bevorder tot nuwe hoogleraars van die verskillende departemente en 'n negende is benoem as die hoof van 'n nuwe departement.



*Prof. J. H. Kroeze*

Dr. S. J. du Plessis, wat vroeër vanjaar sy tweede doktorsgraad behaal het word hoof van die departement Semitiese Tale aangesien die huidige hoof, prof. J. H. Kroeze, die leeftydsgrens bereik het.

Die ekonomiese fakulteit kry ook een professor by in die persoon van dr. A. J. E. Sorgdrager wat benoem is tot professor in die departement Kosteberekening.

Die nuwe departement, Industriële Chemie, kry aan die begin van Augustus sy eerste professor in die persoon van dr. S. P. Ligthelm.



*Dr. A. J. E. Sorgdrager*

Dr. P. A. J. Ryke, tans direkteur van dierkundige navorsing, word die tweede professor in die departement dierkunde, terwyl dr. M. A. du T. Meyer die tweede professor in die departement Fisika naas prof. P. Stoker.

Dr. T. T. Cloete word professor in die departement Afrikaans-Nederlands na die uittrede van prof. G. Dekker wat aan die einde van die jaar die aftree ouderdom bereik het. Dr. S. J. du Plessis word die tweede professor in die departement geskiedenis saam met die huidige professor, prof. D. W. Kruger. In die departement Bantoetale word mnr. J. Breed die nuwe professor.




*Dr. T. T. Cloete*

### Departementshoofde

Drie nuwe departementshoofde is ook benoem in die plek van die aftredende hoofde wat almal die leeftydsgrens bereik het. Hulle is prof. H. Venter, wat die plek inneem van prof. G. Dekker in die departement Afrikaans, dr. T. T. Cloete word in die plek van prof. Dekker hoof van die departement Frans en Kunsgeskiedenis en Waardering en dr. S. J. du Plessis word die hoof van die departement Semitiese Tale.

Verskeie professore sal aanbly as emeritus professore, nl.: proff. G. Dekker, F. J. Labuschagne, H. G. Schulze, J. H. Kroeze, D. J. du Plessis, A. P. J. Goossens en prof. D. J. van Rooy.



*Dr. M. A. du T. Meyer*

Mev. M. M. Potgieter, tans die hoof van die departement Huishoudkunde, word die eerste professor in die departement.

### Senior lektore

Verder is ook vyf senior lektore benoem. Hulle is dr. P. G. W. du Plessis (Wysbegeerte), dr. P. J. Pretorius (Fisiologie), mnr. J. J. Henning (Volkekunde), mnr. G. J. Pienaar (Perswetenskap) en dr. W. J. Venter (Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis).

### Lektore

Verskeie lektore en lektrises is benoem. Mej. L. C. Minnaar (Afrikaans-Nederlands), mej. E. M. van der Westhuizen (Huishoudkunde), mnr. P. J. van R. Henning (Regte), mnr. H. D. Nelson (Chemie), mnr. W. J. van Aardt (Dierkunde, N. S. N. Wolmarans (Fisika), C. D. Roode (Sielkunde) en mnr. R. S. van der Walt (Reken en Ouditeurskunde) en mnr. T. van der Walt (Wiskunde).

Verder is as junior lektore benoem mnrr. N. J. Swart, J. J. van Tonder, W. Venter en J. W. Koen.

# Dameskoshuis-komitee

**Op 20 September, met die jaarlikse algemene huiskomitee-verkiesing van die dameskoshuise, is Barbara Geertsema verkies as nuwe hoofdame van die vier dameskoshuise vir 1963.**

As onderhoofdames is verkies: *Hermien le Roux vir De* Klerkhuis, Mariana Viljoen vir die nuwe dameskoshuis, Oostehof en Sannie van der Walt vir Piet Groblerhuis.

As huiskomiteelede is verkies: uit De Klerkhuis: Susan Krüger, Ansie de Bruyn, Deseré Joubert, Kristie Jordaan, Marietjie Lessing, Nicolette Coetzee en Greta van der Merwe. Uit Piet Groblerhuis is gekies: Elrene van Deemter en Leoné Blanché. Uit Klawerhof is gekies: Lidia Jacobs, Esté Martins, Anita van der Merwe, Francoise Coetzee, Mieckie Toxopeus, Ansie du Plessis, Gerrie Potgieter en Anna Venter. Annatjie Venter is gekies uit Cachethuis.

Daar is vanjaar vier huiskomiteelede meer as verlede jaar gekies as gevolg van die aanbou van Oostehof wat meer huiskomiteelede vereis as Cachethuis, wat nie meer aanstaande jaar as 'n dameskoshuis sal bestaan nie.



# *PUKKIE AKTIEF*

**„Met die samewerking van die studentemassa kan die Pukkie volgende jaar ongekende hoogtes bereik", het mnr. Lou van Wyk, nuwe redakteur van hierdie Vreugdedaguitgawe, gesê.**

Daar word 'n vriendelike beroep op *alle* studente gedoen om volgende jaar behulpsaam te wees met die verkoop van die beplande oplaag van 20,000 eksemplare aan die Rand, Pretoria en Noord-Vrystaat.

Die nuwe redaksie het nog geen vaste besluite geneem nie, maar volgens die nuwe redakteur sal daar gepoog word om weer van photogravure gebruik te maak, en om vroeg in Mei 1963 'n Pukkie daar te stel wat aan al die eise van studentehumor en oorspronklikheid sal voldoen.

Die redaksie, wat hierdie grootskaalse poging gaan aanpak, is as volg saamgestel:
Hoofredakteur: L. van Wyk.
Subredakteur: A. Fourie.
Tegniese redakteur: J. Bradley.
Sirkulasiebestuurder: L. Kusner.
Penningmeester: J. Wessels.
Sekretaresse: A. Venter.
Addisionele dameslede: K. Jordaan en M. Lessing.

**FOTOKUNS**
**Tomstraat 82 — Foon 3185 — Potchefstroom**
Sentrum vir Fotografie, Grammofoonplate en Kunsvlyt.
★
**Waarom gaan jy dorp toe**
**FOTOKUNS**
**het dit!**
Ook rottang, vilt, piouter, raffia, olie- en waterverf ens.
★

# A.B.K.K. VOL PLANNE

**„'n Grootse gebeurtenis in die kuns- en kultuurlewe van die Puk sal aanstaande jaar plaasvind wanneer die A.B.K.K. 'n groot kunsweek hou. 'n Groot aantal van die bekendste kunstenaars van buite sal gevra word om aan hierdie kunsfees deel te neem", het mnr. G. P. Aucamp, voorsitter van die A.B.K.K. in 'n onderhoud aan ons verslaggewer gesê.**

Hierdie kunsfees wat 'n groot opflikkering in die Puk se kultuurlewe sal bewerkstellig sal terselfdertyd ook dien as voorbereiding vir die A.S.B.-kunsfees wat volgende jaar in Pretoria gehou sal word. Elke onderliggaam sal gedurende hierdie kultuurweek voldoende geleentheid kry om bydraes te lewer. Die week sal sy hoogtepunt bereik wanneer kunstenaars van buite die geleentheid sal kry om op te tree.



Foto: Fotokuns.
*Mnr. G. P. Aucamp*

Verder beoog die verskillende onderliggame van die A.B.K.K. 'n baie bedrywige jaar. So *onderneem Alabama en Thalia* weer gedurende die wintervakansie toere deur verskillende dele van ons land; so ook volkspele wat vanjaar baie oorspronklikheid aan die dag lê met die reël van 'n toer vir die volkspelers.



*Dr. J. H. Steyn*

## STAATSLEER DINEE

Dr. Jan Steyn sal optree as die hoofspreker op die eerste dinee wat die studente en dosente van die Staatsleerdepartement vanjaar organiseer. Hierdie dinee sal môreaand in die Queens Hotel gehou word.

Die hoofdoel van hierdie dinee is om die tweede verjaarsdag van hierdie departement as selfstandige departement te vier. Voorheen was hierdie departement by die Regsfakulteit ingeskakel. Verder word beoog om voltydse studente en deeltydse studente gesellig met mekaar te laat verkeer en om ander persone wat verband het met Staatsleer as studierigting daarby te betrek.

## BESTUUR

Die bestuur van die Duitse Studentevereniging is die volgende:
Voors.: F. Furstenburg.
Sekr.: Annatjie Kruger.
Add.-lede: N. Botha en W. Doubell.

## WES-AFRIKAANSE STUDENTE-VERENIGING

Die nasionale studente-organisasies van Ghana, Nigerië, Senegal en Sierra Leone het besluit om 'n Wes-Afrikaanse Studentevereniging te stig. Dit word beskou as 'n belangrike stap in die rigting van hegte Wes-Afrikaanse eenheid. Wes-Afrikaanse studenteleiers hoop dat die uiteindelike doel van hierdie nuwe koöperatiewe onderneming die verwerkliking sal wees van 'n Pan-Afrikaanse Studentevereniging.

## KOLLEGEHUISE

Die uitvoerende komitee van die Vereniging van Duitse Studente (V.D.S.) het die voorstel, gemaak deur die Duitse Wetenskapsraad, dat alle studente in nuwe universiteite die eerste drie semesters in kollegehuise moet woon en dat hulle in hul studie leiding moet ontvang van privaatonderwysers, bespreek.

In 'n voorlopige kommentaar wys die komitee daarop dat die hervorming van die universitêre sisteem nie effektief by die behuising van die student kan aanvang nie. Die V.D.S. meen dat dit belangriker is om die konstitusie van die universiteite, hul interne struktuur en werkmetodes in navorsing en onderrig aan te pas by die groeiende getalle studente en by die veranderinge wat in die wetenskappe self plaasvind.

Verder verklaar die V.D.S. dat die beginsel van „selfopvoeding deur saam te lewe" soos gepropageer deur die Wetenskapsraad, as „baie twyfelagtig" beskou word, op grond van „ondervinding tuis en elders opgedoen".

Volgens die V.D.S. maak die kollegehuise inbreuk op die persoonlike en private lewe van die individuele jong student waartoe die universiteit geen reg het nie.

Die V.D.S. doen aan die hand dat die geld wat gebruik sou word vir die oprigting en instandhouding van kollegehuise, aan die universiteit self bestee moet word.

# Studente bespreek wêreldvrede

**Wêreldvrede is deeglik bespreek op die tiende Internasionale Studentekonferensie. Die I.S.K. verdoem alle magte wat wêreldvrede op enige manier bedreig, en betuig sy eensgesindheid met pogings wat bydra tot 'n wedersydse verstandhouding en samewerking tussen volke en state met verskillende sosiale en politieke stelsels.**

Aangesien stappe gedoen moet word in die rigting van wêreldvrede, verklaar die Konferensie dat:

(a) die verkryging van wêreldvrede beteken dat alle vorme van onderdrukking met wortel en tak uitgeroei moet word en dat samewerking moet geskied op 'n basis van gelykheid en respek vir onafhanklikheid en menslike regte;

(b) die verkryging van nasionale onafhanklikheid en die beëindiging van kolonialistiese en imperialistiese oorheersing noodsaaklik is vir die bereiking van wêreldvrede;

(c) regerings die geld wat nou bestee word aan oorlogstuig, moet gebruik vir opvoedkundige, sosiale, ekonomiese en kulturele bevordering in hul lande.

Die I.S.K. glo dat die ontwikkeling van studentesamewerking 'n belangrike bydrae is tot die verkryging van wêreldvrede.

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG..."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN..."*
*Besoek:*
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
*Allerlei*
★ WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP EN KOEJAWELSAP
in bottels en blikkies
**Kerkstraat 122**
**Posbus 171 — Tel. Nrs.: 12 en 2582**

# Jeugfees nie geslaag

**Die „Wêreldfees vir Jeug en Studente" het vanjaar van 28 Julie tot 6 Augustus in Helsinki, Finland, plaasgevind. Sedert 1947 is dit die agtste Jeugfees wat gehou is en die tweede een in 'n nie-kommunistiese land.**

Dit is interessant om te weet dat daar 'n intieme band bestaan tussen die organiseerders van hierdie feeste en die „Jong Kommunistiese Bond" van die U.S.S.R.

Hierdie reeks feeste, met die slagspreuk „Vrede en Vriendskap", slaag daarin om duisende jongmense van verskillende nasionaliteite by mekaar te bring om nie alleen te midde van groot luister saam te verkeer nie, maar ook oor wêreldsake te gesels.

Altesaam 13,600 jongmense van 137 lande het die fees bygewoon. Baie van die minder ontwikkelde lande is egter verteenwoordig deur studente wat nou buite hul vaderland studeer. Verteenwoordiging ten opsigte van politieke oortuiging laat die skaal in die guns van die Kommunisme swaai.

Baie afgevaardigdes het die agtste Jeugfees teleurgesteld verlaat, omdat die organiseerders onwillig of nie in staat was om die eensydige politieke kritiek wat die fees gekenmerk het, te verberg. Gevolglik was die bespreking baie eensydig. Westersgesinde sprekers is doodgeskreeu. 'n Jeugleier uit Oos-Afrika het gesê: „In Helsinki no free exchange of ideas has been possible."

Die fees in Helsinki was dan ook glad nie 'n sukses nie. Die meeste Finne was die fees nie goedgesind nie en het nie met die organiseerders saamgespeel nie. Plaaslike politieke omstandighede het voorkom dat die fees die beoogde forum vir Russiese propaganda geword het. Ook het die fees nie daarin geslaag om 'n blywende entoesiasme onder die teenwoordiges te wek nie.

## POTE BREI UIT

Die beplande omskepping van feitlik die hele Westelike oewer van die Mooirivier, waar dit deur Potchefstroom vloei, word eersdaags deur Pote 'n endjie verder gevoer wanneer hulle begin om twaalf morg vleigrond in sportvelde te omskep. Wanneer die Normaal en die Stadsraad klaar is met hierdie ontwikkeling, sol sowat vyf myl langs die rivier deur sportvelde gedek word.
Heel aan die Noorde het die Puk die skema aan die gang gesit met die uitlê van drie rugbyvelde, 'n hokkiebaan, atletiekbaan en is tans besig met die uitlê van 'n krieketbaan.

Die
Internasionale
Paspoort
tot Rookgenot




**PETER STUYVESANT**

Vervaardig in Suid-Afrika. Ook in Amerika, Toronto, Londen, Amsterdam, Dublin, Berlyn, Sydney, Auckland en Salisbury.

PS240a

# *Russies as Universiteitsvak*

**Die Universiteit van Suid-Afrika is uniek in die Republiek in die opsig dat dit 'n Russiese departement het, wat sowel 'n voorbereidende kursus as 'n graadkursus oor 'n periode van vier jaar aanbied.**

Onlangs het die Universiteit mej. Foxcroft, hoof van hierdie departement, na Rusland gestuur om die beste metodes om haar vak te onderrig te bestudeer, om Russiese boeke aan te koop en om vriendskapsbande te sluit met hoofde van Russiese departemente aan sommige van die oudste universiteite van die beskaafde wêreld.

In Moskou en Leningrad is daar 'n lewendige belangstelling in die kuns. Die studente besoek die galerye druk en openbaar 'n fyn kritiese sin.

Die Moskouse Universiteit het 64 Russiese boeke aan die Universiteit van Suid-Afrika geskenk.

Suid-Afrikaanse studente bestudeer Russies om verskeie redes. Sommige wil toegang verkry tot die groot aantal wetenskaplike werke wat in Russies verskyn. Ander wil graag die oorspronklike teks van beroemde Russiese skrywers lees, terwyl 'n klein groepie die taal om suiwer akademiese redes bestudeer.

## SPREKER



*Prof. S. du Toit*

Prof. S. du Toit, hoogleraar in die Ou Testament aan die plaaslike Teologiese Skool, is uitgenooi deur die Krugerdagkomitee om op die tiende Oktober op te tree as hoofspreker tydens die Krugerdagfees op Parys.

## „PIN-UPS" IN STUDENTEBLAAIE

Aan 'n paar Tukkies is gevra wat hulle van „Die Perdeby" as studenteblad dink.

Meer as 80% het hul misnoeë uitgespreek teen die min ‚Bye' wat beskikbaar is, en het ook duidelik te kenne gegee dat hulle meer nuus en minder gestry oor kommunisme, swak gees, A.S.B.-doelstellings ens. wil hê. Hulle wou almal hê dat hul eie koshuise en die kaperjolle van ander varsities meer in die kalklig verskyn.

Ses uit elf studente het hulle ten gunste van „pin-ups" in die blad uitgespreek. Die reaksie teen A.S.B.-nuus is opvallend, dit word selfs „snert" genoem. 'n „Lekker" ou verlang „meer sosiale nuus, meer seks, 'n ‚pin-up' op elke bladsy, geen politieke artikels en meer nuus oor ons eie campus en koshuise"!

## RYLOOP

Studente in Parys het onlangs met 'n poging voor die dag gekom om ryloop, 'n baie gewilde vervoermiddel by die studente en selfs by dele van die publiek, op 'n vaste grondslag te plaas deur 'n kantoor te open om die belange van die rylopers te behartig. Belangstellende studente betaal 'n ledegeld van vyf frank (ongeveer 70 sent) om die huur van 'n kantoor en die salaris van 'n sekretaresse te dek. Die kantoor verskaf aan voornemende rylopers 'n lys van name van motoriste wat graag rylopers oplaai, hulle bestemming en tyd van vertrek. Motoriste wat lang afstande aflê maak ook gebruik van die kantoor om hulle name op die paneel van oplaaiers te kry. — (Die Transvaler).

*„Die Wapad" word gedruk deur Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom vir die uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.*

## DR. E. F. FLOHR

Hy is afkomstig uit Lühneburg, Duitsland, en is tans op 'n drie-maande besoek aan Suid-Afrika. Die doel van sy besoek aan Suid-Afrika is om 'n studie te maak van die ontwikkeling van die naturellereservate in Suid-Afrika. Hy het na Suid-Afrika gekom in opdrag van 'n geografiese vereniging, van Lübeck in Duitsland. Gedurende sy besoek sal hy deur die vernaamste Bantoetuistes reis en besoek bring aan die vernaamste Bantoe-universiteite.

Interessant is ook dat hy 'n oud-student van die P.U. vir C.H.O. is, en dat hy in 1936 die eerste uitruilstudent uit Duitsland na Suid-Afrika was. Net voordat hy na die P.U. vir C.H.O. gekom het, het hy aan die universiteit Breslau gepromoveer in aardrykskunde.

Gedurende sy verblyf in Suid-Afrika het hy Afrikaans magtig geword. Na 25 jaar is hy nog in staat om Afrikaans vlot en suiwer te praat. Gedurende sy besoek aan die P.U. vir C.H.O. het hy die studente toegespreek oor die Berlynvraagstuk.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is hy gedurende die slag van Stalingrad gevange geneem en is eers in 1953 weer losgelaat. Hy het sy verbasing uitgespreek oor die ontsettende ontwikkeling wat die P.U. vir C.H.O. gedurende die 25 jaar van sy afwesigheid ondergaan het. Hy het sy dank uitgespreek dat hy aan die P.U. vir C.H.O. kon studeer, want dit het hom gevorm vir die taak wat hy nou moes uitvoer, en in verband hiermee het hy veral die naam van oud-prof. A. J. H. van der Walt genoem.

Binnekort sal daar 'n publikasie oor die probleme in Suid-Afrika van hom verskyn.

## VERKIES

Professor J. M. de Wet, professor in die Departement Wiskunde is onlangs verkies tot bestuurslid van die vereniging van Natuur- en Wiskunde-onderwysers. Die vergadering het o.a. ook 'n mosie aangeneem waarin waardering jeens dr. H. F. Verwoerd, die Eerste Minister, uitgespreek word vir die besondere belangstelling wat hy vir die bevordering van die Wetenskap toon.

# A.S.P.U. IN VOLLE SWANG

**Die pas gestigte Afrikaanse Studente Persunie het in die kort tyd van sy bestaan reeds merkwaardige groei getoon. Hierdie Persunie wat beslis 'n mylpaal is in die Afrikaanse studenteperswese, is op die oomblik besig om sy weg op 'n baie duidelike wyse te baan.**

Die Unie het op die afgelope A.S.B.-kongres werklikheid geword toe al die redakteurs van die onderskeie studentekoerante vergader het om die wenslikheid, moontlikheid en die wyse van fungering van sodanige persunie te bespreek. Uit die besprekings wat daar voortgevloei het, het dit duidelik geblyk dat so 'n persunie 'n groot leemte onder die Afrikaanse studente sal vul en is daar gevolglik tot die stigting daarvan oorgegaan.

Die unie is gestig om die standaard van die verskillende koerante so hoog as moontlik te hou. Verder moet dit dien as samesnoerende band van die verskillende koerante. In hierdie verband moet dit ook werk in die rigting van nuusverskaffing aan die verskillende koerante.

Die bestuur is tans besig met ondersoeke na die verkryging, waardering van oorsese studentenuus en poog ook om kontakpunte aan te knoop om sodanige nuus so vinnig as moontlik te verkry. Daar word ook 'n ondersoek van stapel gestuur oor die vinnige verkryging van binnelandse nuus.

Hoewel die A.S.P.U. reeds vinnig aan die groei is, het dit nogtans te kampe met 'n groot aantal probleme. So bv. bestaan daar 'n groot gebrek aan fondse. Hoewel dit miskien 'n bietjie vroeg is om nou al reeds 'n oordeel te vel, lyk dit tog asof A.S.P.U. aan sy doel gaan beantwoord en 'n sukses gaan wees.

## JAPANSE STUDIEGIDS

„Guide to Study in Japan" is die titel deur die Japannese Nasionale Kommissie vir UNESCO gepubliseer is vir die gebruik van studente wat graag in Japan wil studeer.

Die gids bevat 'n oorsig van die opvoedingstelsel in Japan met volledige besonderhede oor inrigtings vir hoër onderwys — organisasie, struktuur, leerplanne ens. — en die navorsingsinrigtings, en inligting i.v.m. praktiese aangeleenthede.

## REGSDINEE

Die regsstudente het die vyftiende September hulle jaarlikse dinee gehou as afsluiting vir hulle jaarlikse bedrywighede. As gasspreker het opgetree prof. W. A. Joubert, dekaan van die Regsfakulteit aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Prof. Joubert het onder andere gesê dat daar 'n groot leemte in Suid-Afrika bestaan m.b.t. die Volkereg en dat daar meer eenheidsoptrede onder die regsstudente moet wees.

Onder die gaste verteenwoordig was verskeie regspraktisyne van Potchefstroom en Johannesburg asook 'n aantal oudstudente.

Mnr. P. J. van R. Henning het namens die finalejaars gepraat en geantwoord op 'n heildronk wat deur mnr. J. Coetzee op hulle ingestel is. 'n Heildronk is op prof. Joubert en sy vrou ingestel deur prof. Swanepoel terwyl mnr. H. O. Kleynveldt gepraat het namens die regspraktisyne.

## REüNIE

*Prof. J. Chr. Coetzee*

Die oudstudente van die Puk wat tans aan die Oosrand, Wesrand en die Vereniging-Vanderbijl-Sasolburg woonagtig is, hou op die negende Oktober 'n reunie in Johannesburg. Die rektor, prof. J. Chris Coetzee, sal by die geleentheid 'n heildronk op die oudstudente instel.






**Dit is die snit wat tel . . .**

★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies

**J. TOD SUTTIE**
**Die Mansuitrusters**
Posbus 219 — Foon 1

**TURKSTRA**
**Bakkery**
vir
BROOD
KOEK
en
BOEREBESKUIT
onthou

Wes-Transvaalse

**SPORT-WINKEL**

Kerkstraat 85

enigste verskaffer van

Offisiële Kleure

**SUPERETTE**

**Tomstraat 100**

**Potchefstroom**

Gerieflike en moderne self-bediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van

KRUIDENIERSWARE, KOMBUISBENODIGDHEDE en GROENTE teen laer pryse.

Fleurette Bloemiste

Sleep in by:

*Fleurette vir julle blomme*

*Spesiale afslag.*

Kerkstraat 143 — Telefoon 709

Lucille

die deftigste

DAMESWINKEL

in die dorp

**Onthou 3091**

Skakel hierdie nommer vir

**diens!**

**DIE BULT APTEEK**

**Tomstraat 86**

Ons spesialiseer in:

★ INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidspreparate.

★ Egte Franse DANA PARFUUM, en

★ Aptekersbenodigdhede

Ondersteun Oud-Pukke

**INSLEEP**

Dames en Here.

Kom besoek die

**Afrikanerkafee**

Ons is altyd tot u diens.

melk, 5 sent per pint.


die Wapad

# INTERNASIONALE STUDENTEBEWEGINGS

**'n Sterk verenigingsdrang op alle terreine van die lewe is seker 'n kenmerk van ons tyd. Op godsdienstige, politieke, ekonomiese en ander gebiede reik die volke mekaar die hand as hulle maar iets gemeenskapliks het. Hiervan getuig, om 'n paar voorbeelde te noem, die Wêreldraad van Kerke, die V.V.O. en selfs die Europese Gemeenskapsmark.**

Hierdie verskynsel openbaar hom ook in die talle internasionale jeug- en studente-organisasies wat hulle beywer om die jeug oor die hele wêreld saam te snoer. Ons dink aan die „World Federation of Democratic Youth", die „International Union of Students" (albei kommunisties) en aan die „International Student Conference" waarvan NUSAS 'n lid is.

Uiteenlopende motiewe mag 'n rol speel in die verskillende bewegings, maar fundamenteel is ongetwyfeld die optimisties-humanistiese gedagte dat as die jeug vanoor die hele wêreld mekaar vandag kan vind, hulle môre 'n vreedsame wêreld kan skep. By die Kommunis en die nie-Christelike Westerling verskil alleen die metode om hierdie doel te bereik.

Hiermee word internasionale kontak tussen jongmense of studente nie veroordeel nie. Maar laat die saambindende faktor, nl. dat almal jonk is of almal studente, dan die verrigtinge van so 'n beweging bepaal. Dit is immers nie net eie aan die jeug of studente om deel te hê aan of te streef na vrede en vryheid, soos baie van hierdie organisasies hulle dit spesifiek ten doel stel nie.

Ook ons het 'n taak om internasionale kontak tussen studente te bevorder. Die gemeenskaplike eienskap van studentwees moet as aanknopingspunt dien — 'n aanknopingspunt vir steeds nouer kontak, waarby later ook die godsdienstige en politieke 'n rol sal speel. Maar in so 'n verhouding moet niks gedwonge wees nie.

# Universele Studentesamewerkings en Eenheid

**Op die tiende Internasionale Studentekonferensie is die begeerte uitgespreek om voort te werk in die rigting van universele samewerking en eenheid onder studente op die volgende basisse:**

(a) aktiviteite, bepaal deur die beginsels van die Konferensie, vir die handhawing van vrede;

(b) steun aan studente wat veg teen alle vorme van onderdrukking en vir nasionale onafhanklikheid;

(c) die stryd teen enige inmenging van een staat in die huishoudelike sake van ander lande wat studente direk mag raak;

(d) die universele en onpartydige toepassing van die basisse vir samewerking;

(e) die handhawing van die absolute outonomie van die universiteit en studente-organisasies, veral sodat die regerings- en partypolitieke invloed nie inbreuk maak op die integriteit van die studentebeweging nie;

(f) die ontwikkeling van praktiese samewerking in kwessies gemeen aan studente van alle lande.

Die Konferensie beklemtoon dat ware studentesamewerking en -eenheid, en pogings in hierdie rigting, ontdaan moet wees van alle party- en sektariese gees, onafhanklik van alle ideologiese konsepsies en gebaseer op die beginsels van vryheid, verteenwoordiging en die outonomie van die studentebeweging.


LEES ELKE WEEK . . .

Potchefstroom HERALD

★ Volledige plaaslike nuus

★ Sportverslae

★ Universiteitsnuus

★ FLIEKNUUS

ORAL VERKRYGBAAR


## In U Lig

Die lewe van die gelowige op aarde is een stuk heimwee — 'n verlange na bowe, waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Want Christus is ons lewe, in Hom leef ons, beweeg ons, is ons. Uit hom, deur Hom, tot Hom is alle dinge.

„Bedink die dinge wat daarbo is". By die oppervlakkige lees hiervan skyn dit asof Paulus geen man van die werklikheid is nie — bedink en soek wat daarbo is. Hoe immers is dit moontlik om die dinge op die aarde te vermy? Ons is tog geplaas in 'n gemeenskap; daar is baie lewensverbande. Ons sou kon vra of Paulus dan nie met die werklikheid rekening hou nie, verwag en eis hy dan nie hier die onmoontlike van die mens nie. Immers as hierdie skynbare teenstelling waar is, dan sou die geestelike lewe nie met die aardse versoenbaar wees nie.

Allermins is die bedoeling egter hier dat ons nou moet onverskillig staan teenoor die aardse dinge en daaraan geen aandag moet gee nie — trouens dit is onmoontlik. Die aardse lewe is ryk aan goeie gawes van die Vader in die hemel. Ons dank hom dan ook vir al die goeie gawes en volmaakte gifte wat ons elke dag so onverdiend uit Sy Vaderhand ontvang.

Nou wat bedoel die apostel dan hier? Hier word ons opgeroep om ook vir hierdie aardse lewe die behoud en die uitsig, die geheim, die sin, die krag, ja alles in die hemel te soek. Ons het hier geen teenstelling nie, geen oproep tot oorgeestelikheid nie.

Ons het hierin 'n heerlike belofte. Want wat is die grond waaruit hierdie vermaning put? — „opgewek met Christus". Ons wat dood was is opgewek saam met Christus. Nou is alles anders, alles het nuut geword. Geheel die lewe, ook die aardse in al sy verbande is in Christus geheilig. Alle gawes van God is goed. Die kuns en die wetenskap, ons arbeid, spel en werk is geheilig in Christus.

*Kol. 3 : 2: „Bedink die dinge wat daarbo is".*

Ja hierom gaan dit — alles wat ons doen, alles wat ons besit moet gefokus word op Christus wat ons lewe is. En dan weet ons dat waar ons hier op die ondermaanse besig is met ons dagtaak waar ons elke dag met boeke besig is en ons kennis vermeerder — dinge wat vir ons so ver lyk van die dinge daarbo, ja, in dit alles weet ons dat daar 'n hoë waarde is, dat dit nie in die tydelike afloop en sy afsluiting in die verganklike vind nie.

En vir wie so inleef in die dinge daarbo, is die lewe geen gedeelde lewe nie. Dan is daar harmonie. Want dan weet ons dat dieselfde God in wie ons blydskap is ook die God is wat in die strydperk van die lewe ons God is.

Dan leef ons uit sy krag. Dan word die lewe 'n wandeling met God na sy wil en weg en welbehae. Dan bedink ons die dinge wat daarbo is. Amen.

P. W. Bingle.


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389

POTCHEFSTROOM

★

Mooi wintermateriaal

★

Nomotta-wol in voorraad

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BEPERK

„Die Potchefstroomse Boekhandel"


Kerkstraat 91—95 Telefoon 1164 & 497

Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

# - 1962 IN BEELD -



*Die Ekonomiese fakulteit van die Puk was vanjaar baie bedrywig. Op bostaande twee fotos is mnr. Bert Geyser aan die woord tydens die besonder geslaagde seminaar wat vanjaar oor administratiewe outomatisasie gehou is. Hierdie seminaar was voorwaar 'n puik byeenkoms van die Kosteberekening Departement. Na verneem word sal daar aanstaande jaar 'n soortgelyke seminaar gehou word. Op die foto regs sien u die unieke masjien wat deur dr. F. J. du Plessis vir die ekonomie ontwerp is. Hierdie masjien sal die invloed van belastingverandering op die land se ekonomie asook op die buitelandse ekonomie bepaal.*



Foto: Fotokuns.

Bo. *Die biblioteek het in Mei-maand vanjaar 'n faksimileeuitgawe van die beroemde Guttenberg-uitgawe aangekoop teen die prys van R500. Hierdie Bybel is deur Johan Gutenberg gedruk en word beskou as die eerste groot en geslaagde drukwerk wat ooit met letters gedoen is. Op die foto hou prof. Van Rooy die Bybel vas.*


Regs. *Die konservatorium van die Puk het vanjaar gepronk met 'n hele aantal prag uitvoerings. Op die foto bo sien u die bekende komponis-pianis Hubert du Plessis tydens 'n uitvoering wat hy in die begin van die jaar gegee het. Tydens hierdie uitvoering het hy van sy eie werke gespeel. Op die foto onder verskyn mnr. Wegelin, dosent in musiek aan die P.U. saam met die Vrystaatse kwartet nadat hulle 'n uitvoering in die Konservatorium gegee het. O.a. het hulle ook 'n komposisie van mnr. Wegelin vertolk.*

VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE
**Transvalia Meubels**
FOON 2157 — KERKSTRAAT 180
POTCHEFSTROOM
*Besoek ons vir Vriendelike Diens en Meubels van Gehalte*
Ons meubels word erfstukke.

## LEWE IN MUSIEK







## GIMNASTIEK

Die P.U. Gimnastiekklub het vanjaar 'n uiters geslaagde jaar agter die rug. Hulle was vanjaar die groot krag in die Noord-Transvaalse ligakompetisie en het dan ook as die wenners uit die stryd getree. Hulle het ook vir die eerste keer vanjaar 'n toer onderneem, en wel deur Noordoos-Transvaal, Vrystaat en Natal. Hierdie toer was 'n reuse sukses. Die klub het ook verskillende vertonings aangebied onder andere op Vryheid en Klerksdorp.

## DIE STOEIKLUB

Die stoeiklub van die Puk, wat tans 'n ledetal van 12 het, is die afgelope paar jare baie gekortwiek deur beserings sodat hulle beslis nie hulle beste kon lewer nie. Daar sal volgende jaar gepoog word om meer belangstelling vir hierdie sportsoort te wek. Op 'n bestuursvergadering wat op die 26e Sept. gehou is, is daar besluit om toernooie te reël.



Foto: Fotokuns.

*Gesiene figure het meegehelp met die vlotbouery vir Vreugdedag. Die regterkantse skuinry van bo na onder is **Hans van Zijl, Cassie van der Walt** en Piet Steinberg. Links is Koos du Plooy en sy donkie. (Die een met die hoed is Koos).*




Foto: Fotokuns.



Foto: Fotokuns.

*Uitkenningsparades het vanjaar soos voorheen groot byval gevind by die ouhere. Op die foto hierbo moet 'n eerstejaar dit ontgeld as Stefan Heydenreich daarop aandring om uitgeken te word.*

## TAFELTENNIS

Die P.U. Tafeltennisklub het vanjaar 'n besondere bedrywige jaar beleef. Al vyf die ingeskrewe spanne het besonder goed gevaar in die liga en die mans B-span was dan ook die wenners van die Potchefstroom-Klerksdorp-Carletonville Liga. Hulle het egter die finaal teen Goldfields, die wenners van die Wesrand-afdeling verloor. Vir die eerste keer in die geskiedenis is ook 'n P.U.-opekampioenskap gehou. Hierdie poging was 'n groot sukses en daar sal gepoog word om dit 'n jaarlikse instelling te maak.

Die Tafeltennisklub verloor egter vanjaar een van sy beste spelers van die afgelope jare, in die persoon van Faan Oosthuizen wat volgende jaar in Suidwes gaan skoolhou. Die afgelope vier jaar was hy een van die steunpilare van die klub en het dan ook met van die beste spelers in die liga afgereken. So bv. moes Brian Caplin, die Suid-Afrikaanse Universiteite-kampioen van 1961, die knie voor hom buig.



# Warm uit die oond op die Campus

*Die lente is hier met sy manne-tjiesgier,*
*Dis heupswaai en plakkies wat die Campus versier,*
*Die ogies lag en die mondjies pruil,*
*Wie sal nou eensaamheid vir 'n kysie verruil.*

So gaan dinge deesdae aan op ons ou vakansieplaas. Kommerloos en vreugdevol met 'n heerlike bloktyd in die vooruitsig. Dit is sommer die lekkerste lekkerte wat 'n mens kan kry, die eksamen van ons. Want dan swoeg en sweet die proffies met nuwe ontdekkings en groot wyshede, terwyl op die oewers van die Mooirivier en op die oewer langs die dam, ons studentenasie hulle vakansie lê en beplan. Dit is nog nie al nie, want na drie weke van aktiwiteit kry ons dan nog boonop tien dae om te rus voordat die vermoeiende ontspanning van die vakansie begin.

Moenie te bly word nie. Hier is nie net lief nie maar ook leed, want ook ons op gemeenskappie word soms deur rampe geteister. Laat ek julle vertel van die tragiese treinongeluk wat plaasgevind het. Onze Oom Lokomotief was die Kyssnel trek het mos ontspoor. Wie kon ooit dink dat toe hy daardie middag Thaba Jäh binnestoom om water en kole te neem, hy die laaste keer daar sou stilhou. Sy gemoed was vol stoom en al fluitend sleep hy die afstand af na Klawerhofstasie. By Elna Ville wag vir hom rus, en dit is olie in die vuur. 'n Hewige ontploffing ego in die stilte van die middag weg. Met fluitjie gelui en wiele in die lug raak sy vuur stadig geblus. In die wind en weer lê sy wrakstukke verlate tussen die heuwels van Elnaville. Op sy stoomketel staan die volgende woorde geskryf:

„Uncle Loco charged along the railway,
He passed a lorry, car and coupé
He tried to pass 'n sworwing mirage
And then he passed away".

Tragies nè. Ja sy gepoef is vir altyd verby.

Solank julle nou die traantjies wegpik vertel ek julle gou van al die ontwikkelings en gedoentes wat hier op die plaas aan die gang is. Ons leef mos in 'n tyd van ontwikkeling. Nou-ja die nuutste ontwikkeling het plaasgevind by Over de Voor. Daar is 'n reuse opgaardam deur die Direkteur van Waterwese van Over de Voor gestoot. Die onderneming het 'n groot sukses geblyk te wees aangesien die water in hierdie droogtegeteisterde gebied standhoudend was. Intussen het die hoof van die Departement Tegniese Dienste, Akkerbou en Sleepgeriewe (Julle ken hom mos; dus noem ek nie sy naam nie) 'n inspeksietoer onderneem. By die ontdekking van die dam het groot opgewondenheid en konsternasie geheers. Daar is dadelik gevoel dat 'n seiljag aangekoop moes word, asook dat Bakvis en Bruinbas in die dam ingegooi moet word. Ongelukkig kon daar nie met die skema voortgegaan word nie daar prof. Bosman nie die verskillende vissoorte ken nie en ook om verskeie ander redes wat ons nie hier kan noem nie.

Ek sit nog so by my selwers en dink toe die woorde van 'n Engelse predikant 'n ene Peter Bingle in my gedagtes kom: „In the olden days they use to say 'this is to sudden'. Now the granddaughters say 'well its about time'." Ek dink ook dat dit „about time" is vir mense soos Lydia Pelser en Louw van Wyk. Vandat hulle ook deesdae gesels in sleeptyd hoor 'n mens nou gereeld in die aande sulke romantiese musiek by die kafeteria.

Louise Truter en Gerhard Woest sleep dan hier dan daar maar gelukkig nog elke aand met mekaar. Dit was tog te oulik om nou die aand te hoor hoe Corrie van Rooyen en Jan Erasmus oor koeitjies en kalfies gesels; wie weet miskien ontstaan daar nog 'n boerdery.

Nerina Labuschagne beleef deesdae 'n woelige tyd onder die aanslae van die Van der Walts. Want P. S. V. en P. D. van der Walt sleep haar so alom die beurt. Twee honde baklei oor 'n been en die derde . . . ?

Piet Potas het sy geld veilig belê toe hy en Karien Potgieter verloof geraak het. Baie geluk julle twee, ons hoop dit is langtermyn belegging.

Hier kom nou 'n geheimpie om te bewaar. 'n Mens sien mos hoe dig Alta de Kock en Nic Enslin dinge deesdae hou. Hulle is netjies in die privaat gekys.

Tweetjies wat dinge al lankal saamdoen, soos swot, sleep ens. is Susan Schutte en Johan Sander. 'n Kys wat nes Johan al meer en meer gryshare kry.

Katy Lessing en Danie van Wyk het al tydens die A.S.B.-kunsfees te Stellenbosch saam gaan eekhorinkies soek tussen die eike. Danie het weliswaar 'n Lessingtjie of twee geleer.

Verdere kyskaperjolle is die van Susan Kutze en Andries Mulder, Hettie Lourens en Bernard Buys, Elize Enslin en Pieter Kempff. Dan gee Tjaart van der Walt vir Johanna van Heyningen genoeg oefening. Hulle sê mos 'n aster is soos voete in die winter, jy moet hulle maar gedurig warm hou anders wil dinge nie vlot nie.

Nicolette Coetzee en Arrie de Beer het soos hulle dit noem 'n stewige verhouding want as hulle sleep sien 'n mens net een en 'n half.

David Ginsburg sê dat dit nie betaal om so alleen deur die lewe te gaan nie. Hy voel dat die winter te koud is; met die oog op volgende jaar het hy so lank vir Thorina Pretorius gevra om saam met hom die lewe te bewandel.

Retha Malan en Thys Celliers voel deesdae ook baie gelukkig. Thys sê dat hy weet hoe om met vrouens te werk en hoe om briewe vir hulle te stuur. Hy gebruik perkamentrolle en skryf soos 'n Catullus van ouds al sy briewe in digvorm. Nou die dag het hy mos die volgende te sê: „Die liefde darem, dit is kortvat en vasvat en kort-kort hervat om vaster te vat.

Die kys van die jaar is beslis die van Baas Buys en Marie Venter. Elke aand kom Baas die koshuis ingehardloop die ene glimlag, dan moet die hele Over de Voor dit ontgeld, of hulle dit nou kan help dat ou Baas verlief is. Hierdie verhouding skuiwe stadig aan in die rigting van 'n verlowing en ou Baas is van plan om kort voor lang vir Gert Scholtz te verruil vir Marie. Ek bedoel nou as kamermaats.

Al die duisende wat die koerant lees sal nou seker graag wil weet wie ek is. My naam is Jaffie Wakis, ek kom van die Bosveld en ek ry al met die Wapad langs.

Die studente stap aan in die stowwe
Geduldig gedienstig gedwee.

Jaffie Wakis.

## FORT HARE EN NUSAS

Op 13 Augustus 1962 het daar 'n vergadering plaasgevind waarop lede van die hoofbestuur van NUSAS met studente van Fort Hare die herbevestiging van laasgenoemde studente se affiliasie aan NUSAS bespreek het. spreek het. Die algemene gevoel van die nie-blanke studente teenoor NUSAS op hierdie wanordelike vergadering was: „We as students do not trust you as students". 'n Vergadering van 78 studente van Fort Hare het op 24 Augustus teen affiliasie aan NUSAS gestem.

Toe op 27 Augustus oor dieselfde saak vergader is, het wanordelikheid die voorsitter genoop om die vergadering te verdaag.

Daarna is 'n petisie gesirkuleer waardeur hierdie nieblanke studente hul affiliasie aan NUSAS herbekragtig. 140 studente uit 'n totaal van ongeveer 200 het die petisie onderteken.

## PRESIDENT AANGEWYS

Prof. J. P. van der Walt, 'n bekende in krieketkringe, is aangewys as president van die Universiteitskrieketklub, na van mnr. Johan Vorster, kaptein van die klub, verneem is.

Dit sal die eerste keer wees dat prof. Van der Walt hierdie posisie beklee, daar word verwag dat sy bekwame teenwoordigheid die klub tot nog groter pogings hierdie seisoen sal aanspoor.

## NUSAS SE NUWE PRESIDENT

Basil Moore volg Adrian Leftwich as president van NUSAS op. Op die rype ouder van 26 is hy seker geskik vir sodanige leiersposisie.

Nadat hy aan die Selbourne College, Oos-Londen, gematrikuleer het, het hy student aan Rhodes geword, waar hy die graad B.Sc. verwerf het. Toe het hy gaan skoolhou, maar later het hy teruggekeer om in die Teologie te studeer.

Teen die einde van 1960 is Basil gekies tot lid van die Studenteraad van Rhodes. Daarna was hy sekretaris van die liggaam en in Sept. 1961 het hy voorsitter geword.

Hy meen dat die student, omdat hy soveel opvoedkundige voordele geniet, baie verskuldig is aan die samelewing waarvan hy 'n lid is.

**AJAX**

**Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.**
Telefoon 3458
Posbus 43
Kerkstraat 159, Potchefstroom

## THALIA

Geagte redakteur,

Laat my toe om d.m.v. u blad die Thalia-toergroep, bestuur en regisseur van harte geluk te wens met die studente se puik spel in „Die vonkel in haar oë". Ek glo dat die studente nie net die Griekwalandwesters se harte daarmee gesteel het nie maar ook die heerlike studentegees wat daar baie duidelik onder hulle geheers het.

Ek het die voorreg gehad om ook die vertoning van die gimnastiek-toer by te woon. Ook hier verdien die Pukke baie groot lof. Ons is trots op ons Alma Mater.

Hartlike groete,
Liesbeth van der Merwe.

## OUDITKLERKE

Pretoriase Ouditeursfirma het vakatures vanaf begin Januarie 1963 vir studente wat hul wil laat inskryf om opgelei te word as openbare rekenmeester en ouditeur.

*Skrywe om besonderhede aan:*

**Posbus 738,
Pretoria.**



# PUK BEHAAL GROOT OORWINNING

## Verslaan UKOV maklik

**Wat die Puk se eerste rugbyspan nie kon reg kry nie, het die eerste krieketspan wel verlede Vrydag reggekry, nl. om Ukovs op hulle baadjie te gee. Die span het 'n pragtige oorwinning oor die sterk span van Ukovs behaal.**

Hoewel Ukovs oor manne van die kaliber van Ewie Cronje beskik wat verlede jaar 'n vyftigtal teen die Nieu-Seelanders aangeteken het en 'n gereelde speler van die Vrystaat is, kon hulle nie hond haar af maak nie.

Die Pukke het eerste gekolf en 'n telling van 149 in 180 minute aangeteken. Hier het veral Bouwer (19), Coetzee (30) en Froneman (38) uitgeblink en gesorg dat die Pukke 'n redelike stewige eerste beurt totaal kon opstel.

Die Kovsies het 'n betreklik maklike taak gehad om die Puk se totaal in te haal veral as in aanmerking geneem word dat hulle dit kon doen teen 'n tempo van 45 lopies per uur. Na vyftien minute se spel het Coetzee 'n groot slag vir die Puk geslaan toe hy vir E. Cronje uitgehaal het vir 7. Na hierdie slag wat die boulers van die Puk geslaan het, het Coetzee en Scholtemeijer, die Puk se twee snelboulers voortgegaan en die Kovsies vasgepen Wearne, De Haas en Sabbagha het egter die wurggreep in 'n mate afgeskud en 40 lopies in 30 minute aangeteken. Die Vrystaat was na 80 minute almal uit vir 100 lopies.

### Telkaart

**P.U.:**

| | |
|---|---|
| H. Bouwer v. Lamprecht, b. A. Botha | 19 |
| J. Coetzee v. en b. B. Cronje | 30 |
| W. Froneman v. Lamprecht, b. B. Cronje | 38 |
| J. Vorster v. A. Strydom, b. E. Cronje | 2 |
| B. Marais b. B. Cronje | 15 |
| G. Scholtemeijer v. en b. E. Cronje | 18 |
| R. Monster v. A. Wearne b. B. Smit | 9 |
| A. Richards v. Wearne b. E. Cronje | 3 |
| M. Labuschagne v. Wearne b. B. Smit | 6 |
| G. Snyman b.v.p. b. E. Cronje | 7 |
| J. de Wet n.u.n. | 0 |
| Ekstra's | 7 |
| Totaal | 149 |

**U.O.V.S.:**

| | |
|---|---|
| E. Cronje v. en b. Coetzee | 7 |
| A. Strydom v. Snyman b. Scholtemeijer | 12 |
| C. Oosthuizen v. Marais b. Scholtemeijer | 4 |
| A. Wearne v. en b. Coetzee | 16 |
| G. de Haas b. Coetzee | 28 |
| G. Sabbagha b. Coetzee | 14 |
| J. Lamprecht v. Froneman b. Coetzee | 0 |
| A. Bothma b. Snyman | 4 |
| T. Botha v. Labuschagne b. Coetzee | 0 |
| B. Smit n.u.n. | 5 |
| Totaal | 100 |



*P. Steinberg*



*C. Grundlingh*

# Rugbyseisoen beëindig

## Strathvaal buit beker

**Die rugbyseisoen van 1962 is verby. Dit was beslis 'n jaar waarin die Puk groot hoogtes bereik het, maar daar was ook tye wanneer hulle erg teleurgestel het. Met tye het hulle prag spel gelewer maar ander tye weer kon hulle nie vergelyk word met die span wat elke week vir die Puk op die veld draf nie.**

Die afgelope paar weke het die Puk bv. baie wisselvallig voorgekom. In die wedstryd teen Sasolburg het die Puk 'n puik vertoning gelewer deur Sasolburg met elf punte teen agt te klop. Veral in die tweede helfte het Theos voor die dag gekom met werklik puik spel, hoewel die eerste helfte maar aan die skraal kant was. Theos se punte is aangeteken deur Piet Steinberg (drie), Lionel Phillips (drie), terwyl lg. deur Koos du Plooy vervyf is.

In die wedstryd op Stilfontein moes die Puk weer eens die knie buig teen die sterk span van Strathvaal met vyftien punte teenoor drie. Die doring in die vlees van die Pukke was die Wes-Transvaal heelagter, Chris Meyer, wat vir twaalf van sy span se punte verantwoordelik was. Uitblinkers hier was Koos du Plessis, Badie Badenhorst en Spekkies de Villiers. De Villiers het dan ook die Pukke se enigste punte aangeteken met 'n strafdoel.

Verlede Saterdag het die Puk se ligaprogram vir die jaar afgesluit maar moes egter weer die knie buig; hierdie keer teen Pote. Dit was 'n harde wedstryd waarin veral Herman Venter, Kobie van der Walt en Koos Hattingh die oog gevang het.

Aan die einde van die seisoen staan Puk vierde op die punteleer waarin Strathvaal die beker gewen het met Lichtenburg tweede en Pote derde.

Puk verloor vanjaar 'n hele aantal spelers wat in die jare wat verby is, die kern gevorm het waarom die span gebou is. So gaan die kaptein Piet Steinberg volgende jaar op Potgietersrus skoolhou en verloor Theos een van sy hardste en mees ywerigste spelers van die afgelope paar jare. Ook Herman Venter verlaat die Puk aan die einde van die jaar permanent. Verder is daar uitblinkers soos Johan van der Schyff, Carel Grundlingh, Koos du Plooy en Badie Badenhorst. Daar is egter 'n hele aantal jong spelers wat die afgelope jaar sterk op die voorgrond getree het en hulle plek meer as genoeg sal kan volstaan.

# P.U. Judospan veg gelykop teen Toerspan

**Die PUK se judospan kon Vrydagaand daarin slaag om die gekombineerde toerspan van die Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch tot 'n gelykop beslissing te dwing. Die toerspan het uitstekend gevaar teen verskeie klubs in Pretoria en Johannesburg. Die gevegte het as volg verloop:**

### Simon Botha (P.U.) vs. G. Kanigowski (U.K.):

Die geveg het van die begin af vinnig verloop. Die klein Kanigowski het sy effens swaarder teenstander verskeie kere probeer gooi maar kon hom net nie hoog genoeg lig nie. Tydens 'n gooipoging het albei manne op die mat beland en Kanigowski kon 'n punt behaal met 'n vashou. Simon het hierna hard probeer maar moes nog 'n punt afstaan toe Kanigowski vir 'n tweede maal daarin kon slaag om hom vir 30 sekondes vas te hou. Kanigowski wen 2—0.

### Jo Neethling (P.U.) vs. P. Roos (U.S.):

In hierdie stadium was die Pukke met 2 punte agter. Albei manne het verbete aangeval, sonder enige sukses. Na sowat 3 minute beland beide manne op die mat en Jo gryp die geleentheid ten volle aan om 'n vashougreep op Roos toe te pas. Hierdie 30 sekondes het uiters spannend verloop want Jo se swaarder teenstander het met alle mag probeer om die greep te breek. Dit was 'n groot oomblik toe die punt aan Jo toegeken word. Jo wen 1—0.

### Willie van Aarde (P.U.) vs. D. Erasmus (U.S.):

Met 'n agterstand van een punt sou hierdie geveg die uitslag van die kompetisie bepaal. Willie het alreeds op die S.A.U. 'n oorwinning oor Erasmus behaal, nou egter was lg. toerfiks en 'n taai botsing kon verwag word. Erasmus het een maal gevaarlik voorgekom toe hy in 'n baie gunstige posisie vir 'n skouergooi onder Willie inbeweeg het maar Willie het die aanval maklik afgeweer en nie lank hierna nie het daar weer eens 'n spannende tydjie aangebreek toe hy sy sterk teenstander met 'n vashoutegniek kon oormeester. Willie wen 1—0.

### Louis Coetsee (P.U.) vs. L. van den Berg (U.K.):

Louis het uit die staanspoor sy teenstander gedomineer. Albei manne het besonder vinnig geveg maar Louis se kragtige en blitsige bewegings was een te veel vir Van den Berg. Dit was gou duidelik dat Louis nie van plan was om matwerk te doen nie en hy het dan ook binne 3 minute twee skoon gooie behaal. Louis wen 2—0.

### Gerhard Kruger (P.U.) vs. D. Glasser (U.K.):

Die twee manne het goed teen mekaar opgeweeg. Glasser is 'n heelwat meer ervare man as Gerhard en het aanvanklik meer aanvallend opgetree en het een of twee maal vir Gerhard in 'n gevaarlike posisie gehad toe hy hom byna-byna met sy heupe kon lig. Hierna het die verloop van die geveg egter in Gerhard se guns begin swaai. Na sowat twee minute het Gerhard hom op die mat vasgepen vir die volle 30 sekondes maar ongelukkig het hulle in die proses te ver van die mat afbeweeg en is die punt nie toegeken nie. Geen punte is aangeteken nie en hulle veg dus gelykop.

### André Greeff (P.U.) vs. Karel Kirsten (U.S.):

In hierdie geveg kon enigiets gebeur. Albei manne ken mekaar goed en die een weet presies watter gooie die ander doen. Beide manne het baie versigtig beweeg en verskeie tegnieke probeer, en toe kom die mooiste gooi van die aand, Kirsten het soos blits met sy heupe gesak en gedraai en André sierlik deur die lug laat trek. Hierna het die geveg baie verbete verloop en in die laaste minuut van die geveg kon Kirsten daarin slaag om vir André vir die volle 30 sekondes vas te hou. Kirsten wen 2—0.

BIERMANSKAP!

LION LAGER

LEEUPLESIER!

VZ004034